# Kan Mila vir Simon kry?

Hierdie boek behoort aan



can-mila-find-simon_interior.indd 1 2025/10/28 15:38



can-mila-find-simon_interior.indd 2 2025/10/28 15:38



can-mila-find-simon_interior.indd 3 2025/10/28 15:38

Official Partner
of Book Dash
bookdash.org

Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, BookSprint gathers creative professionals who volunteer to create new, Namibian storybooks that anyone can freely translate and distribute. To find out more, and to download beautiful, print-ready books, visit our Project page: www.booksprintnamibia.org

*Kan Mila vir Simon kry?*
*(Can Mila find Simon?)*
Geïllustreer deur Ayishah Hipondoka
Geskryf deur Celia Mendelsohn
Ontwerp deur Silas M. Nangolo
Geredigeer deur Nasrin Siege
Vertaal deur Celia Mendelsohn
Geproeflees deur Ilse Badenhorst
Geset deur Lisa Borman
Redaksionele beampte Detlef Pfeifer

BookSprint Namibië met behulp van die Goethe-Institut Namibië en die Ambassade van die Bondsrepubliek Duitsland in Namibië op 12 Oktober 2024.

ISBN: 978-99945-922-5-8

Typeset in Gupter and Quicksand

**This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/).**

You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use. No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.




Ayishah Hipondoka Celia Mendelsohn Silas M. Nangolo




can-mila-find-simon_interior.indd 6 2025/10/28 15:38



Mila speel baie graag.
Mila speel baie graag met 'n bal.

can-mila-find-simon_interior.indd 7 2025/10/28 15:38

Maar Mila speel die heel graagste wegkruipertjie.



Kan jy vir Mila kry?



can-mila-find-simon_interior.indd 9 2025/10/28 15:38



"Ouma, kan ons asseblief wegkruipertjie speel?"

Ouma glimlag. Sy wil graag speel. Mila kan nie wag nie!

can-mila-find-simon_interior.indd 10 2025/10/28 15:38



can-mila-find-simon_interior.indd 11 2025/10/28 15:38

Mila gaan kruip gou weg.
Waar kruip sy weg?



can-mila-find-simon_interior.indd 12 2025/10/28 15:38

Sy loer … agter die kar uit!



can-mila-find-simon_interior.indd 13 2025/10/28 15:38



Ouma roep vir Mila.
Sy sê: “Mila, sit! Mila, wag!”

can-mila-find-simon_interior.indd 14 2025/10/28 15:38

Simon spog: “Ek kan baie vining hardloop!
Nou gaan ek wegkruip!”






Ouma tel.
Mila tel.

Simon piep:
“Mi, Mi!”
Ouma sê: “Mila,
soek vir Simon!”

can-mila-find-simon_interior.indd 16 2025/10/28 15:39




**Waar dink JY kruip Simon weg?**

can-mila-find-simon_interior.indd 17 2025/10/28 15:39

Simon piep: “Mi, Mi!”
Mila soek na Simon.



can-mila-find-simon_interior.indd 18 2025/10/28 15:39



Onder die bed.

Op haar pens.

O, nee, Simon is nie onder die bed nie …




Ouma is in die kombuis.
Sy het so pas die yslike pot gewas.

can-mila-find-simon_interior.indd 20 2025/10/28 15:39



Kruip Simon in die leë pot weg?

can-mila-find-simon_interior.indd 21 2025/10/28 15:39



“Mila, waar is Simon?”
“Mila, Mila, Mila,” roep Simon uit die badkamer.



Mila kry nie vir Simon daar nie.

Waar is hy?
Sy ruik vir Simon
met haar wonderlike
neus.



can-mila-find-simon_interior.indd 24 2025/10/28 15:39



En dan …

Dan …

Is dit Simon wat agter die stortgordyn wegkruip?

can-mila-find-simon_interior.indd 25 2025/10/28 15:39



Ja!
Sy ruik aan Simon.
Haar stertjie swaai heen en weer!
Sy blaf: “Simon!”

can-mila-find-simon_interior.indd 26 2025/10/28 15:39

Sy spring op.
"Mila," lag Simon.
Hy gee haar
'n drukkie.





Ouma lag.
Sy vryf vir Mila.
Simon lag.
Hy gee vir Mila 'n drukkie.
Mila lag.



Sy swaai haar stertjie heen
en weer.
Is jy gelukkig?
Wat doen jy as jy gelukkig voel?



can-mila-find-simon_interior.indd 30 2025/10/28 15:39



can-mila-find-simon_interior.indd 31 2025/10/28 15:39

